# STELLENBERG BYBELSKOOL

Van Jerusalem na Nicea

Die merkwaardige storie van die vroeë kerk

STELLENBERG


GEMEENTE

Oor grense heen

November 2025

Aanbieder. Ds. Marius Breytenbach

## Wat is die kerk se storie?




Wat is die kerk se storie? Mense vra om verskillende redes hierdie vraag. Dit mag wees dat jy geïnteresseerd is om te verstaan waar die kerk waarna jy behoort vandaan kom en hoe dit oor die eeu ontwikkel het in die kerk waar jy jou tuiste van gemaak het. Aan die ander kant reflekteer die vraag die emosie van iemand wat ontnugter is en vir baie spesifieke redes. Wat is die klippie wat jy in jou kerkskoen dra wat pla?

Die storie van die ontstaan en ontwikkeling van die vroeë kerk na die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkstersondag in Jerusalem is merkwaardig. Dit gee nuwe betekenis aan hoe ons vandag oor die kerk en ons eie deel wees daarvan dink. In die volgende vyf weke volg ons hierdie merkwaardige verhaal van die uitstorting van die Heilige Gees in Jerusalem (ongeveer 33 nC) tot die opstelling van die geloofsbelydenis van Nicea in 325 nC. Watter rol speel jou deelwees van die kerk in jou geloof?

Ek glo aan een, heilige, algemene Christelike kerk

\- Apostoliese geloofsbelydenis -

**Sessie 1. Wat is die kerk se wese?**

**Ek glo aan een, heilige, algemene Christelike kerk**



Voor ons in meer besondere in die volgende sessies die storie van die kerk se ontstaan en groei ondersoek, gaan ons eers by die vraag na die wese van die kerk stilstaan. Hoe sou jy die Christelike kerk in 'n prentjie of woorde beskryf? Is daar dalk 'n teksgedeelte in die Bybel, beeld of metafoor wat by jou opkom. Skryf ook neer wat die klippie in jou kerkskoen is wat pla. Wat is die groot kwessies in die kerk vandag?



**Die ABC van kerk volgens die Nuwe Testament**

In die Nuwe Testament word verskillende Griekse woorde gebruik om die kerk te beskryf, waarvan *ekklesia*, die mees algemene term is.

| Griekse woord | Letterlike betekenis | Klem in die kerkbegrip | Skrifverwysing |
|---|---|---|---|
| **ἐκκλησία (ekklēsia)** | Uitgeroepenes, vergadering | Die bymekaarkom van mense wat geroep word | Matt. 16:18 |
| **συναγωγή (synagōgē)** | Byeenkoms, vergadering | Vroeë algemene term; later Joods gebruik | Jak. 2:2 |
| **κοινωνία (koinōnia)** | Gemeenskap, deelname | Eenheid en verbondenheid van gelowiges | Hand. 2:42 |
| **οἶκος (oikos)** | Huis, huishouding | Die huisgesin of familie van God | 1 Tim. 3:15 |
| **σῶμα (sōma)** | Liggaam | Die liggaam van Christus | 1 Kor. 12:27 |

1. **ἐκκλησία** (*ekklēsia*) — Die "uitgeroepenes"

- Hierdie begrip het die grondslag van die Christelike verstaan van kerk geword. Dit bestaan uit twee dele: *ek* **(ἐκ)** = "uit" en *kaleō* **(καλέω)** = "roep"
- Dit het beteken dat die kerk oorspronklik bestaan het uit mense wat deur God geroep is — met verloop van tyd is mense, soos ons, in die kerk tradisie gebore. Wat sou roeping in hierdie konteks beteken?
- Die vroeë Christene het hulleself gesien as 'n nuwe gemeenskap van God, soos Israel in die Ou Testament, maar nou verenig in Christus.

2. **συναγωγή** (synagōgē) — Die "byeenkoms"

- In die heel eerste dekades na Jesus se opstanding, het baie vroeë Christene nog in sinagoges en huise vergader.
- Hulle het die sinagoge-model oorgeneem — skriflesing, gebed, onderrig — maar met 'n nuwe sentrum: Jesus as die Messias.

- Toe hulle uit die Joodse sinagoges verban is, het hulle begin praat van hul eie ἐκκλησία om hul nuwe identiteit aan te dui.
- Gevolg: Die kerk het voort gegroei uit die Joodse erfenis, maar het 'n nuwe fokus gekry in Christus.

3. **κοινωνία** (koinōnia) — Die "gemeenskap"

- Hierdie begrip het die innerlike lewe van die kerk beskryf.
- Die eerste Christene het gedeel in mekaar se swaarkry, hulpbronne en gebede. Hulle het hulself gesien as 'n familie wat alles deel — geloof, brood, liefde en hoop.
- Koinōnia het dus beteken dat om aan die kerk te behoort, is om nader aan God en mekaar te groei. Die kerk is 'n lewende gemeenskap van deel en liefde, nie net 'n samekoms van gelowiges nie.

4. **οἶκος** (oikos) — Die "huisgesin" van God

- In die eerste eeu het Christene dikwels in huise vergader — die eerste kerke is eers na 324 nC gebou (Basilika van St. John in Rome, die basilika van St. Peter in Rome, die Kerk van die Aankondiging in Bethlehem en die Kerk van die Heilige Graf in Jerusalem).
- Hulle het die beeld van "huisgesin" gebruik om te sê:
  - God is ons Vader,
  - Christus is die Hoof,
  - en ons is broers en susters in die geloof.
- Hierdie "familie van God"-beeld het die kerk intiem en persoonlik gemaak.
- Gevolg: Die kerk is 'n familie van geloof — gebou op liefde, gasvryheid en nabyheid.

5. **σῶμα** (sōma) — Die "liggaam van Christus"


- Paulus het hierdie beeld gebruik om te wys dat die kerk een is, maar met baie verskillende dele.
- Elke lid het 'n unieke funksie — hande, voete, oë — maar almal werk saam vir die geheel.

- Ek glo in een, heilige, algemene (Katolieke), Christelike kerk. Die kerk se uniekheid lê in is terwyl almal een is daar is groot diversiteit in die kerk is. Hierdie diversiteit was
- Christus is die Hoof wat lewe en leiding gee.
- Gevolg: Die kerk is 'n lewende liggaam, deur die Gees verbind aan Christus.

In Stellenberg gemeente vind kerk uitdrukking in ons leuse: Jesus ons Verlosser leef ... ons roeping is oor grense heen: Nader aan God, aan mekaar, om met 'n verskil te leef en voortdurend te vernuwe.

**'n Paar belangrike perspektiewe rakende ons eie kerkbegrip**

Terwyl Jesus wel net enkele kere na kerk (*ekklesia*) verwys, sê Hy niks oor hoe die kerk presies moet lyk en wat gelowiges daarbinne moet doen nie. Jesus gee met ander woorde nie vir ons 'n 'kerkresep' nie.




Daar was een sentrale beginsel wat in die storie van die vroeë kerk uitstaan: Die kerk is die storie van die die dinamiese werking van die Heilige Gees in die midde van uitdagings en geleenthede waarvoor mense te staan gekom het. In hierdie opsig speel ons huidige konteks altyd 'n belangrike rol. Vanuit die Reformasie van 1517 het die volgende insig daaroor na vore gekom:

*Ecclesia reformata - semper reformanda*

Die gemeenskap van gelowiges (kerk) word voortdurend vernuwe!

**Wat beteken dit?**

Vernuwing is 'n voortgaande proses waarin die Heilige Gees ons te midde van spesifieke uitdagings en geleenthede roep. Toe die gelowiges in die vroeë gemeente van Galasië koppe gestamp het oor verskille, het Paulus die wese van kerkwees en ons roeping daarbinne as volg gedefinieer.

**Lees Galasiërs 5: 13-22**

**"Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal"**

'n Paar belangrike kern gedagtes:

- Die outentieke kerk lê dus nie iewers in die verre verlede nie - maar in die hede waardeur ons voortdurend in die lig van ons unieke omstandighede deur God geroep en gevorm word. Die storie van die kerk, is die storie van lief en leed, van geleenthede en uitdagings en gelowiges wat moet onderskei wat God in hulle hede van hulle vra.
- Kyk weer na die prentjie van die kerk wat jy op die eerste blad van die kerk geskets het. Watter rol speel speel die eienskappe wat Paulus in Galasiërs 5 noem in ons eie prentjies? Hoe verander dit jou perspektief van jou eie kerk en jou eie deelwees daarvan?
- Die vrug van die Gees is dikwels nie iets wat in 'n oogknip gebeur nie, maar waardes wat oor 'n lang tyd deur geloofsgroei gebeur soos wat ons uitdagings en geleenthede hanteer.
- Die storie van die kerk is soortgelyk. Dit vertel van gelowiges wat oor eeue in die goeie en slegte van hulle omstandighede geleer, gelei en verander is. Ons kyk dikwels oor die jare terug en kry skaam hoe ons gedink en opgetree het.
- Diversiteit is nie die kerk se grootste las, soos wat baie dit vandag van die kerk glo nie - dit is die kerk se grootste bate! Die geheim van die kerk se krag

en impak lê in iets baie onverwags: God bring mense, wat mekaar nie van nature gekies het nie, bymekaar uit. Die vrug van die Gees kan jy nie vir jou eie beswil aanwend nie, maar slegs tot die beswil van jou naaste. Lees meer daarvan in Efesiërs 3 en 4.

- Die kerk is nie God se Koninkryk nie, maar slegs die manier (voertuig) waardeur God sy koninkryk bou. Ons glo nie in die kerk nie, maar in God. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk.

| OM OOR NA TE DINK |
| --- |
| **Hoe is die vrug van die Gees soos in Galasiërs beskryf besig om in jou eie kerk gestalte te kry?** |

**Vir volgende week: Lees Handelinge 2-28**